SAKE 24 (Burger Kaap), Saterdag
14 Jul 2012, p.12

Kontant-onttrekkings 2,76% hoër in Junie

Verlede maand is effens meer geld by kitsbanke onttrek as in Mei.

Die Spark-kontantindeks, wat die gemiddelde waarde van kontant-onttrekkings by 1 500 kitsbanke landwyd meet, het met 2,76% op 'n maandgrondslag tot R437,71 per transaksie gestyg.

Op 'n jaargrondslag het die gemiddelde onttrekkingswaarde met 6,77% verbeter, wat die hoogste jaar-tot-jaar-toename vanjaar is.

Dié styging kan toegeskryf word aan beter kleinhandelstoestande en verbruikersbesteding wat begin momentum kry. Die grootste gemiddelde onttrekkingswaarde in Junie is in Mpumalanga gemeet (R457,16), sê Spark ATM Systems.

Die Noordwes, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap het die drie grootste stygings in maand-tot-maand-gemiddelde onttrekkingswaarde – onderskeidelik 2,36%, 2,34% en 2,33% – gehad. Die grootste styging in jaar-tot-jaar- gemiddelde onttrekkingswaarde – 11,8% – is in Gauteng aangeteken.

Marc Sternberg, besturende direkteur van Spark ATM Systems, sê die styging verlede maand is ondersteun deur 'n toename in onttrekkings by petrol-, gasvryheid-, kleinhandel- en groothandelgeriewe.